# HK Sondag 41
# Eks 20:14; Lev 18; Eseg 36:16-28
### Die omvattendheid van die sewende gebod.

**Maart 2014**

*Ps-vooraf* Ps 104: 1, 20, 21 (sittende)

## Ontmoetingsdiens.

***Votum.***

**"Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom? Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het."**
**Amen**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**
**"Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**
**en die Here Jesus Christus**
**deur die kragvolle werking van die Helige Gees"**
**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 105: 1, 2, 4

## Verootmoediging en Versoeningsdiens.

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

***Psalm na gebed*** – Psalm 24: 1, 2, 3

## Woorddiens.

Die Woord van die HERE spreek tot ons uit Eks 20:14; Lev 18; Eseg 36:16-28

***Psalm as antwoord op die Woord -*** Ps 99: 1, 4

***Prediking.***

Vanaand gaan ons fokus op die Leer van die Skrif

soos dit saamtrek in ***Sondag 41***.

***Skrifverklaring.***

**Inleiding.**

Geliefdes in ons Here Jesus

in ons aand-prediking kon ons van einde verlede jaar af

meer leer oor die wet van die HERE.

En ons het nou al gekom by die 10de gebod.

Maar die sewende een het ons oorgeslaan.

*Opmerking*

Nou in ons prediking uit Markus het ons

toe ons in Januarie-maand by Mark 10:1-12 was

by die baie belangrike saak van huwelik-en-egbreek stil gestaan.

Want daar in Mark 10:1-12 gee Jesus onderrig

oor of 'n mens mag skei of nie.[1]

En dis moes waaroor dit ook in die 7de gebod gaan.

*"Jy mag nie egbreek nie."*

So dis nie asof ons sommer net niks

---

[1] Vgl Mark 10,1-12.odt

oor die 7de gebod geleer het nie.

****************

Maar weet u: Nou gaan'it in die 7de gebod nie net
oor owerspel en skei en egbreek nie.

Dit gaan nie net
om die onwettige opbreek van die huwelik-eenheid
wat die HERE daar gestel het nie.[2]

*Verduidelik*
Nee! Wanneer die HERE in Eks 20:14 sê:
*"Jy mag nie egbreek nie."*
dan gaan'it verseker oor die verkeerdheid
van owerspel en egbreek.
Maar dit gaan ook oor veel meer.

Ja die HERE se 7de gebod van:
*"Jy mag nie egbreek nie."* is ontsaglik omvattend.
En hieroor wil ons vanaand meer leer.
Daarom is ons tema:

**Die omvattendheid van die 7de gebod.**

En dan gaan ons stilstaan by:

- Die 7de gebod en die wese van God.
- Die konsekwensie daarvan vir ons lewens
- Die krisis wat dit bring
- Die verlossing daaruit
- En ons radikaal nuwe-lewe ook volgens die 7de gebod.

[2] Mark 10:10

**1.** So kom ons begin dan by **die 7de gebod en die wese van God**.

Nou dat die 7de gebod van:
*"Jy mag nie egbreek nie"* meer leer
oor die wese van God of oor hoe God is
kom ons agter
wanneer ons by ***v/a 108*** vanuit die Skrif bely
dat *"alle onkuisheid deur God vervloek is."*

*Verduidelik*
So sien u hoe ons God is?
Hy is 'n God wat alle onkuisheid vervloek.

**************

Maar nou'sie vraag:
Wat op aarde is *onkuisheid*?

Want as ons meer oor die wese van God wil leer
en ons in ***v/a 108*** hoor dat God alle onkuisheid vervloek
dan moet ons darem weet wat *onkuisheid* is
anders het ons nog niks oor God se wese geleer nie.

*Verduidelik*
Nou onkuisheid is heeltemal anders as kuisheid.
Onkuis is die teenoorgestelde van kuis.
En kuis is in die Bybel in Tit 2:5
die vertaling van die Griekse woord ἁγνός.

En ἁγνός het ook die betekenis van rein of heilig.[3]

En dis hoe ons God is.

God is absoluut rein en heilig.

*Bewys*[4]

Ons hoor dit bv in 1Joh 3:3 waar die apostel sê:

*"elkeen wat hierdie hoop op Hom het*

En dan'sit die hoop op ons verheerliking

en ewige lewe op die nuwe aarde[5]

*reinig homself soos (God*[6]*) rein (*ἁγνός*) is."*

*************

So sien u?

- Onkuis staan teenoor kuis.
- Onkuis staan teenoor rein en heilig.
- Onkuis staan teenoor God.
- Onkuis pas net nooit by God en by sy heiligheid nie.
- Onkuis is sondig.

En ons God is heilig en sonder sonde.

Hy's heeltemal afgesonder van sonde.[7]

*Bewys*

Daarom dat Habakuk in Hab 1:13 sê

dat God *"te rein is van oë*

*om die kwaad aan te sien ..."*

---

[3] Vgl NIDNTT vol 3 bl 100; TDNT vol 1 bl 122

[4] Vgl TDNT vol 1 bl 122

[5] 1Joh 2:28-3:2

[6] Vgl NIDNTT vol 3 bl 101-102

[7] Vgl Pink, The attributes of God, bl 51; Pop, Bijbelse Woorden en hun geheim, bl 289, 292-293; Reymond, A new systematic theology of the Christian faith, bl 195-196.

En in 1Joh 1:5 hoor ons dat *"God lig is,*
*en geen duisternis is in Hom nie."*

Daarom dat ons in Pas 5:5-6 hoor
dat *"... die kwaaddoener by (God) nie sal vertoef nie ...*
*(Ja) U haat al die werkers van ongeregtigheid."*
Sê Dawid daar.

***************

En daarom kan dit ook nie anders nie:
God se heilige woede ontvlam
in die skrikwekkendste strafgerig teen alle sondaars
met hulle sondigheid.

Want sonde is onrein en onheilig
en dit maak jou onheilig.[8]

*Bewys*
Daarom hoor ons in Ps 11:5-6
dat *"Die HERE (se) siel die goddelose*
*en die wat geweld lief het haat.*
*Hy sal op die goddelose vangnette,*
*vuur en swawel laat reën;*
*en 'n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees."*

**************

Ja ons God Jahwe is heilig.
Daarom is Hy anders as sonde
en sondaars met ons onreinheid
en onheiligheid en onkuisheid.

---

[8] Vgl Pink, The attributes of God, bl 54; Reymond, A new systematic theology of the Christian faith, bl 195-196.

En vanuit sy heiligheid straf God onreinheid
en onheiligheid en onkuisheid.
Hy vervloek dit.

Daarom bely ons ook by ***v/a 108***
dat *"alle onkuisheid deur God vervloek is."*

****************

**2.** En net hier kom ons nou by ons 2de punt
wat gaan oor **die konsekwensies hiervan vir ons lewen**.
Ja  hoe beïnvloed die HERE se heiligheid ons lewens?
Watter effek het die HERE se heiligheid op ons?

Nou  van hierdie konsekwensies hoor ons
as die HERE in Lev 11:44 sê:
*"Ek is die HERE julle God;*
*toon dan dat **julle heilig is** en **wees heilig**,*
*want Ek is heilig ..."*

En in Lev 19:2 hoor ons dit weer:
*"**Heilig moet julle wees**,*
*want Ek, die HERE julle God, is heilig."*

En kom ons by Lev 20:7 dan staan dit weer daar:
*"Toon dan dat **julle heilig is** en wees heilig,*
*want Ek is die HERE julle God."*

En in Lev 20:26 word dit nog 'n keer ingehamer:
*"En julle moet **vir My heilig wees**,*
*want Ek, die HERE, is heilig ..."*

*Toepassing*

So sien u die konsekwensie
van die HERE se heiligheid vir ons lewens.
Ons moet ook heilig wees.

En daarom nie ***onkuis*** nie
*"want ... die HERE (ons) God, is heilig."*

*Verduidelik*

En nou'sit belangrik dat ons moet raaksien
dat die onheiligheid of ***onkuisheid***
waarvan ***v/a 108*** praat
gaan oor onheiligheid
wat staan teenoor die heilige en goeie huwelik
soos God dit in die begin geskep het.[9]

Enige iets wat ingaan teen God se goeie huwelik
is onkuis dis onheilig dis sonde.
En net soos egbreek en egskeiding
'n oortreding van die 7de gebod.[10]

En in sy heiligheid haat God hierdie onkuisheid.

Daarom moet ons kuis wees en nie onkuis nie
*"want ... die HERE (ons) God, is heilig."*

*****************

[9] Vgl Ursinus se Kat komm bl 300-301; Bogaards, Troos troos MY volk, bl 199
[10] Vgl Waltke, An OT theology, bl 429

En om ons te help om te weet  wat onkuisheid is
sodat ons daarvan kan wegvlug
het die HERE vir sy volk in ***Lev 18*** gewys
wat onkuisheid is.[11]

*Voorbeeld*[12]
**I** Dis onkuis of onheilig
om met jou ma saam te leef
soos man en vrou in die huwelik saam leef.
So sê ***Lev 18:7***.

**II** Dis onkuis of onheilig
om met jou sussie saam te leef
soos man en vrou saam leef.
So sê ***Lev 18:9***.

**III** Dis presies net so onkuis of onheilig
om 'n homoseksueel te wees.
Leer die HERE in ***Lev 18:22***.

En in Rom 1:26 wys Paulus ons
dat dit ook onkuis of onheilig is
om 'n lesbies te wees.

**IV** Dis ook onkuis of onheilig
om jou kleinkinders te molesteer.

[11] Vgl Waltke, An OT theology, bl 468
[12] In Lev 18 word daar telkens gepraat van *"Jy mag die skaamte (ערוה) van jou ... nie ontbloot (גלה) nie"*. Dit is 'n manier om te praat van seksuele gemeenskap (NIDOTTE vol 3 bl 527-528), wat ek dan weergee as 'saam leef soos man en vrou'.

So leer die HERE in ***Lev 18:10***.

En in die res van ***Lev 18***
kan ons van nog 'n klomp onkuishede lees
wat net glad nie by die HERE se heiligheid pas nie.

***************

En weet u: Die HERE is baie ernstig hieroor.
Ja *“Heilig moet julle wees,*
*want Ek, die HERE julle God, is heilig.”*
is vir die HERE ontsettend ernstig.

Ook wanneer dit kom by hierdie 7de gebod-goed.
In sy heiligheid kan die HERE onkuishede
net glad nie verdra nie.

*Bewys*
Daarom dat ons in ***Lev 18:29*** hoor
dat die HERE sê
dat *“almal wat enigeen van hierdie gruwels (van Lev 18) doen ...*
***uitgeroei moet word*** *onder hulle volk uit.”*

*Verduidelik*[13]
En in Lev 20 hoor ons presies
wat hierdie uitroeiing beteken.

Want daar kondig die HERE die doodstraf af
vir mense wat besig is met ***Lev 18*** se onkuishede.[14]

[13] Vgl NIDOTTE vol 2 bl 729
[14] Bv Lev 20:10, 11, 12, 13, 14, 15-16, 17.

En in Deut 27 vervloek die HERE mense
wat besig is met ***Lev 18*** se onkuishede.[15]

*Verduidelik*[16]
En om vervloek te wees
is om uiteindelik vir ewig weg van die HERE
in die ewige dood van die hel te wees.

***************

So sien u die konsekwensies
van God se heiligheid vir ons lewens.

God is heilig.
Daarom moet ons ook heilig by Hom leef.

Daarom mag ons ook met niks besig wees
wat ingaan teen die goeie en heilige huwelik
wat God in die begin geskep het nie.
Want om dit te doen is onheilig.

En in sy heiligheid ontvlam God se heilige
woede teen alle onheiligheid en onkuisheid.

***************

**3.** En net hier sien ons **ons krisis** nie waar nie?
En dis ons 3de punt.

Ja hier's ons krisis
want deur die eeue is God se volk

[15] Bv Deut 27:20-23
[16] Vgl NIDOTTE vol 1 bl 525; TWOT vol 1 bl 75, 132; Heyns, Dogmatiek, bl 199

ja   ons almal   besig met onkuisheid.

Ons hou nie by die opdrag nie    van
*"Heilig moet julle wees,*
*want Ek, die HERE julle God, is heilig."*

*Bewys*
**I** Want in Rig 19 hoor ons
van die Benjaminiete se homoseksualiteit.[17]

**II** 2Sam 11 vertel van koning Dawid se owerspel.

**III** En net voor die ballingskap
kla die HERE deur sy profeet Esegiël vir Juda aan.

En dan sê die HERE in Eseg 22:10
dat baie manne in Juda besig is met die sonde
van om met hulle ma's saam te leef
soos mens met jou vrou moet saam leef.

**IV** En in Eseg 22:11 sê die HERE:
*"Die een het 'n gruwelike ding gedoen*
*met die vrou van sy naaste,*
*en die ander het sy skoondogter verontreinig*
*deur 'n skandelike daad,*
*en 'n derde het ... sy suster ... onteer."*

[17] Rig 19:1-22

**V** En terwyl ek myself probeer verontskuldig met:
'ek het darem nog nooit so ver gegaan nie'
sê Jesus in Mat 5:28

*"Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk*
*om haar te begeer,*
*reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het."*

***************

En dan? Wel dan rus die regverdige vonnis
van die HERE op ons.

Die regverdige vonnis van Lev 18:29 wat sê:
*"almal wat enigeen van hierdie gruwels doen die siele*
*wat dit doen,*
*moet uitgeroei word onder hulle volk uit."*

En Deut 27:26 wat sê:
*"Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou*
*om dit te doen nie ..."*

***************

*Oorgang*

Maar weet u: Nou stop dit nie hier nie.
Want die HERE het gesê:
"*Ek is die HERE **julle God**;*
*toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig ..."*[18]

En *"Heilig moet julle wees,*
*want Ek, die HERE **julle God**, is heilig."*[19]

---

[18] Lev 11:44
[19] Lev 19:2

En: *"Toon dan dat julle heilig is en wees heilig,*
*want Ek is die HERE **julle God**."*[20]

En net hier hoor ons van genade onbeskryflik groot!

**4.** En van **verlossing**.
En dis ons 4de punt.

Ja hier waar die HERE praat
van *Ek is die HERE **julle God***
Ja hier hoor ons van genade en verlossing.

*Verduidelik*[21]
Want as ons hoor van *die HERE **julle God***
dan hoor ons van verbond van genade-verbond.

Want die kern die wese die hart van die verbond is:
God met ons.
En Hy is ons God en ons is sy volk.

*Bewys*
Ons hoor dit al in Gen 17:7
as die HERE vir Abraham sê:[22]
*"En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou*
*en jou nageslag ná jou in hulle geslagte*
*as 'n ewige verbond,*
***om vir jou 'n God te wees***

[20] Lev 20:7
[21] Vgl NTES 875, reader bl 174
[22] Vgl NTES 875, reader bl 174

*en vir jou nageslag ná jou."*

En in Eks-Lev hoor ons van hierdie wonder
in die HERE se wetgewing oor die Tabernakel.[23]

**I** Want in Eks 25:8 sê die HERE vir Moses:
*"Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak,*
***dat Ek in hulle midde kan woon.****"*

**II** En in Eks 29:43-45 sê die HERE:
"*En daar (by die Tabernakel)*
*sal Ek met die kinders van Israel saamkom ...*
***En Ek sal onder die kinders van Israel woon***
***en vir hulle 'n God wees****."*

**III** En kom ons by Lev 26:11-12 dan staan daar:
*"En Ek sal my tabernakel onder julle oprig ...*
*En Ek sal* ***in jul midde*** *wandel*
*en* ***vir julle*** *'n God wees,*
***en júlle sal vir My 'n volk wees****."*

********************

So sien u? Die HERE die heilige God
***wil*** volk hê by wie Hy in heiligheid kan woon.

En dan? Wel doen doen die HERE
in sy soewereine almag wat nodig is
om dit 'n werklikheid te maak. Hy alleen.

[23] Vgl Waltke, An OT theology, bl 450-451, 458.

Ja die HERE laat dit nie van ons afhang nie.
Die HERE maak nie ons en ons werke
en ons heilige lewe die ding wat maak
dat Hy by ons in die verbond kan leef nie.

Nee nooit!

*Bewys*[24]
En ons lees daarvan bv in Eks 32-34.
Dis waar ons hoor van Israel se sonde van afgodery.

Ja net nadat die HERE in Eks 20:2-5 het:
*"Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland,*
*uit die slawehuis, uitgelei het.*

*Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.*

*Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak*
*van wat bo in die hemel is,*
*of van wat onder op die aarde is,*
*of van wat in die waters onder die aarde is nie.*

*Jy mag jou voor hulle nie neerbuig*
*en hulle nie dien nie ..."*

maak Israel toe in Eks 32 'n goue-kalf en aanbid dit
sodat daar net mooi niks oorbly van die verbond
en van 'wees heilig want ek die HERE julle God is heilig' nie.

[24] Vgl Waltke, An OT theology, bl 468-472

En toe?    Wel in Eks 34 hoor ons
hoe die HERE die verbond herstel.
En weer in Israel se midde kom woon.

Maar hoe?    Hoe'sit moontlik?
Wel    omdat die HERE homself in Eks 34:6-7 openbaar
as die God   wat nie net heilig is nie
maar ook
'n *"barmhartige en genadige God,*
*lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou;*
*wat die goedertierenheid bewaar vir duisende,*
*wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe ..."*[25]

***************

Daarom dat die HERE    deur sy profeet Esegiël
in die dae van die ballingskap    sy volk nie net aankla
van sondige onheiligheid    en onkuisheid nie
maar ook in Eseg 36:25 sê:[26]
*"Ek skoon water op julle giet,*
*sodat julle rein kan word ..."*

*Verduidelik*[27]
En as die HERE hier praat van *skoon water*
dan gaan die HERE terug na Num 19[28]
waar ons hoor van die reinigingswater
wat gemeng moes word   met as van die sonde-offer.

[25] Vgl ook NGB art 16-17
[26] Vgl Pop, Bijbelse woorden en hun geheim, bl 293
[27] Vgl NIDOTTE vol 1 bl 1153
[28] Num 19:13-22 (vgl NIDOTTE vol 1 bl 1153)

Alles dinge   wat heen gewys het
na die offerbloed van Jesus.[29]

Ja   Jesus se offerbloed is die *skoon water*
waarvan die HERE praat in Eseg 36:25.
Jesus se offerbloed is die *skoon water*
waarmee die HERE ons reinig van al ons onkuishede.

*Bewys*
Die apostel praat ook daaroor
as hy in 1Joh 1:7 sê:
*"die bloed van Jesus Christus ...*
*reinig ons van alle sonde."*

Sodat die volk van die HERE   heilig   in die verbond
by die HERE ewig kan lewe.

***************

Sien u hoe die HERE dit 'n werklikheid maak
dat ons in heiligheid by Hom kan wees?

Die HERE neem die inisiatief.
Hy doen dit.   Nie ons nie.

Nee!   Hy alleen reinig ons
in die bloed van die Seun
sodat Hy   die Heilige   heilig by ons kan wees.

[29] Heb 10:4 wys duidelik dat *"die bloed van stiere en bokke onmoontlik die sonde kan wegneem."* Dit was alles heenwysings (Heb 9:1-14) (vgl Currid se Num komm bl 272-273; Wenham se Num komm bl 146-147).

Maar dis nie al nie.    Die HERE reinig nie net nie.
Nee!    In Eseg 36 praat die HERE verder.

Want as Hy in vers 25 praat oor sy reinigingswerk
dan praat die HERE in vers 26-27
oor sy wedergeboorte-werk[30] in ons uit genade alleen.

*Verduidelik*
Want hoor wat sê die HERE in vers 26-27.
Hy sê:    *"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee*
*en 'n nuwe gees in jul binneste gee ...*
*En Ek sal my Gees in jul binneste gee ..."*

Ja    die HERE neem ons ou-totaal-verdorwe hart weg.
Daardie ou-hart van my
wat God haat   en my naaste
en waaruit onkuishede aanmekaar borrel.

En Hy gee aan ons 'n nuwe hart.
En die HERE gee sy Gees aan ons.

*Opmerking*
En in Sag 12:10 sê die HERE
dat sy Gees    die Gees is van *"genade en smekinge"*.
Die Gees wat ons ons sondigheid
en onheiligheid en onkuisheid laat besef.[31]

---

[30] Vgl Du Toit, Openbaringsgeskiedenis van die OT, bl 257
[31] Joh 16:8

Die Gees wat ons met 'n nuwe hart laat glo
en ons deur die geloof    deur ons hele lewe
na Jesus toe trek    sodat ons in die bloed
van Jesus altyd weer rein kan wees.[32]

Maar hier stop die HERE nie.
Nee!   Sy wonder van genade-alleen gaan nog verder.

Want as die HERE in Eseg 36:26-27 praat
oor sy wedergeboorte-werk    dan sê Hy:
"*En Ek sal julle 'n nuwe hart gee*
*en 'n nuwe gees in jul binneste gee ...*
*En Ek sal my Gees in jul binneste gee ..."*

Maar dan gaan die HERE verder   en Hy sê:
*"en* ***(Ek) sal maak*** *dat julle in my insettinge wandel*
*en my verordeninge onderhou en doen."*

*Opmerking*
Ook die 7de gebod
waarmee die HERE ons roep om kuis te leef
omdat Hy,   die HERE ons God,    heilig is.

******************

**5.** En weet u:    dan **verander ons lewens radikaal**.
En dis ons laaste punt.

Ja    ons lewe verander radikaal.
Want as die HERE alles kom doen

[32] 1Joh 2:1-2

sodat Hy as die heilige God by ons kan bly
dan haat ons al meer en meer net soos die HERE
alle onkuisheid.[33]

*Bewys*[34]
En hoekom?
Wel omdat die HERE ons daagliks deur sy Gees dryf
om *"die oue mens ... af (te) lê
wat deur die begeerlikhede
van die verleiding te gronde gaan,
en ... met die nuwe mens (te) beklee
wat na God geskape is in ware geregtigheid en **heiligheid**."*

En daarom omhels ons uit liefde vir die HERE
al meer en meer die HERE se gebooie
waarin Hy *"alle onkuise dade, gebare, woorde,
gedagtes, luste
en alles wat 'n mens daartoe kan verlei, verbied."*[35]

*Toepassing*
**I**[36] Daarom luister ek gelowig-gehoorsaam
na die HERE se wysheid in Spr 7:24-25 wat sê:
*"Hoor dan nou na my, seuns,
en luister na die woorde van my mond.*

*Laat jou hart nie afwyk na (die owerspelige vrou se) weë nie,*

---

[33] Sondag 41 v/a 108
[34] 2Tes 2:13; Sondag 32 v/a 86; Vgl ook Reymond, A new systematic theology of the Christian faith, bl 767-770; Reformation study Bible bl 1747.
[35] Sondag 41 v/a 109
[36] Vgl Reformation study Bible bl 883; Wielenga, Onze Catechismus, vol 2 bl 866

*dwaal nie rond op haar paaie nie."*

**II**[37] Ek draai my rug radikaal op tydskrifte
en flieks en internet webwerwe
wat my kan verlei tot onkuisheid.

Want deur die Gees gedryf
luister ek gelowig na die HERE se wysheid in Spr 6:25
waar Hy sê:
*"Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie,*
*en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie."*

**III** Ek luister na die vermaning van die apostel
as hy in Efes 5:3-4 sê:
*"Maar hoerery en allerhande onreinheid ...*
*moet onder julle selfs nie genoem word nie,*
*soos dit* ***die heiliges*** *betaam;*

*ook nie ... dwase of lawwe praatjies*
*wat nie pas nie, maar liewer danksegging."*

*Verduidelik*[38]
Daarom kuier ek nie meer saam met vriende
waar daar allerhande onkuise pratery gebeur nie.

**IV** Ons ouers susters luister gelowig-gehoorsaam
as die apostel in Tit 2:3-5 beveel en sê:

[37] Vgl Reformation study Bible bl 881; Christian Doctrine v/a 109
[38] Vgl Reformation study Bible bl 1712; Christian Doctrine v/a 109

*“Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees*
*soos dit die **heiliges** betaam ...*
*sodat hulle die jong vroue kan leer*
*om versigtig te wees,*
*hulle mans en kinders lief te hê,*
*ingetoë te wees, **kuis**, huislik ...*
*sodat die woord van God nie belaster word nie.”*

**V**[39] En deur die Gees gedryf luister ons jonge susters.
En dan laat hulle hul nie lei
deur die nuutste kaal-modes nie ...
maar deur die woord van die apostel
wat in 1Tim 2:9-10 sê:
*“So ook moet die vroue hulle versier*
*met behoorlike kleding,*
*gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid,*
*nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie,*
*maar, soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely,*
***met goeie werke**.”*

**************

Ja geliefdes as die HERE alles kom doen
sodat ons kan begin om die gebod
van *“Heilig moet julle wees,*
*want Ek, die HERE julle God, is heilig.”*
te leef dan draai ons ons rug radikaal
op alle onkuisheid.

Ons vlug daarvan weg.

[39] Vgl Christian Doctrine v/a 109

Waarheen?    Wel altyd na Jesus toe
wat eenmaal in Joh 15:5 gesê:

*“Ek is die wynstok, julle die lote.*
*Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;*
***want sonder My kan julle niks doen nie**.”*

*Toepassing*

Ja   sonder Jesus kan ons die onkuisheid nie haat nie.
Want dis alleen in Jesus
dat ons heilig kan wees.

En dis alleen in Jesus
dat ons gelowig gehoorsaam
en uit liefde vir God en ons naaste
die HERE se gebooie kan omhels.

Daardie gebooie
waarin Hy *“alle onkuise dade, gebare,*
*woorde, gedagtes, luste*
*en alles wat 'n mens daartoe kan verlei, verbied.”*

****************

## Slot

So   geliefdes   waar staan ons
as ons vanaand die 7de gebod hoor
wat ons vertel van ons heilige God
by Wie ons heilig moet leef?

Weet u:   Hierdie gebod moet ons na Jesus toe dryf.
Na sy een-offer    wat ons reinig.

Ja die 7de gebod moet ons na Jesus toe dryf
deur Wie ons die Heilige Gees ontvang
sodat ons heilig kan begin leef.

***************

So het ons al geliefdes?
Weet u: As so na na Jesus toe gaan
dan moet ons weet:
Dis nie ons nie!!

*Bewys*
Want Jesus het in Joh 6:44 gesê:
*"Niemand kan na My toe kom*
***as die Vader wat My gestuur het,***
***hom nie trek nie**."*

Ja wanneer ons vanaand gelowig opreg na Jesus gaan
dan'sit die HERE
wat in ons 'n nuwe hart gegee het
en sy Gees in ons binneste
sodat ons soos die HERE beloof het in Eseg 36:27
*"in Sy insettinge (kan) wandel*
*en Sy verordeninge (kan) onderhou en doen."*

Ook die van die 7de gebod.

## Antwoorddiens

**Amen.**

***Psalm as antwoord op die Woord -*** Ps 99: 1, 4

***Gebed***

***Barmhartigheidsdiens***

*Ps-kollekte* 100: 1, 2, 3, 4(sittende)

***Slotsang* –** Ten slotte sing ons Ps 105: 5, 23, 24

**Wegstuurseën.**

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**“Die genade van die Here Jesus Christus**

**en die liefde van God**

**en die gemeenskap van die Heilige Gees**

**sy met julle almal!**

**Amen.**